



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 JANUARIE 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Bestuurder: Sekretariaat- en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. Die voorsitter versoek dat teenwoordiges opstaan in medelye met families wat naasbestaandes oor die afgelope tyd aan die dood afgestaan het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig. Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Beskermingsdienste wat by onderhoude betrokke is.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 9 DESEMBER 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 9 Desember 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. NUWE SAKE

6.1 VOORLEGGING VAN JAARVERSLAG: 2014/2015 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)

Die burgemeester moet ingevolge artikel 127 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, binne sewe maande na die einde van 'n finansiële jaar, die jaarverslag van die Munisipaliteit in die munisipale raad ter tafel lê.

Rdh T van Essen verwys na die 2014/2015 Konsep Jaarverslag wat apart tot die sakelys gesirkuleer is, en noem dat dit deeglik deurgewerk sal word tydens die tydperk vir kommentaar wat teen einde Februarie 2016 verstryk.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 Januarie 2016)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2014/2015 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;
- (b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
 - (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
 - (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
 - (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 31 Maart 2016 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
 - (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;
- (c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
 - die eksterne finansiële ouditkomitee;
 - twee wykskomiteeledes om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;
- (d) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 31 Maart 2016 by te woon;
- (e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir ooreweging by die volle raadsvergadering op 31 Maart 2016.

6.2 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die MFMA, Wet 56 van 2003, bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer.

Die voorsitter noem dat die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie 'n gekonsolideerde verslag is van die maand- en kwartaalverslae wat op 'n gereelde basis aan die Raad voorgelê word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2015/16 finansiële jaar;

6.2/...

- (b) Dat die evaluasie-verslag op 28 Januarie 2016 aan die Raad voorgelê word in terme van Artikel 54(1)(f) van die MFMA;
- (c) Dat, in opvolg op bogenoemde [en met verwysing na regulasie 23 hierbo], 'n aansuiweringsbegroting op die 2015/2016 begroting ter tafel gelê word vir oorweging by die Raadsvergadering op 28 Januarie 2016.

6.3 AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (5/1/1/1-2015/16; 5/1/1/2-2015/16)

Die voorsitter noem dat 'n Munisipaliteit ingevolge artikel 28 van die MFMA 'n goedgekeurde jaarlikse begroting deur middel van 'n aansuiweringsbegroting kan hersien, en noem verder die vereistes waaraan 'n aansuiweringsbegroting moet voldoen.

Rdh T van Essen bespreek die wysigings aan die kapitaal- en bedryfsbegrotings, sowel as die ongemagtigde uitgawes wat deur die loop van die 2014/2015 finansiële jaar genoodsaak was. Rdh van Essen verwys ook na die wysigings wat tydens die Begrotingsbeheer Komitee op Dinsdag, 19 Januarie 2016 bespreek was en noem dat die wysigings in die finale dokumente aan die Raad geakkommodeer sal word.

Artikel 28(4) van die MFMA bepaal verder dat slegs die burgemeester 'n aansuiweringsbegroting aan die munisipale raad ter tafel kan lê. Daar word derhalwe –

BESLUIT [vir voorlegging aan die Munisipale Raad op 28 Januarie 2016]

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die virement van fondse tussen kapitaalprojekte (soos aangedui in Aanhangel A) t.o.v. die Aansuiweringskapitaalebegroting vir 2015/2016, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2015/2016 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;
- (b) Dat die wnd Direkteur: Finansiële Dienste opdrag gegee word om die nodige statutêre dokumentasie af te handel in terme van die MFMA en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;
- (c) Dat die aansuiweringsbegroting geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2015/2016 finansiële jaar nie, maar wel 'n positiewe vermindering in die tekort van -R14 886 996 tot -R6 590 592;
- (d) Dat die ongemagtigde bestedings soos hierbo vermeld ingevolge artikel 32 van die MFMA na die 2015/2016 Aansuiweringsbegroting verwys word;
- (e) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings wat alreeds deur Provinsiale Tesourie goedgekeur is t.o.v. die 2014/2015 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2015 (Aanhangel C);
- (f) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2015/2016 as volg te wysig:

	<u>Oorspronklike Begroting</u>	<u>Aansuiweringsbegroting</u>
Kapitaal:	R 92 885 408	R 87 151 437
*Bedryfsuitgawe:	R 579 331 647	R 605 248 171
*Bedryfsinkomste:	R 564 444 651	R 598 657 579
Surplus/(Tekort):	(R 14 886 996)	(R 6 590 592)

**Dat die Raad kennis neem dat die finale inkomstes en uitgawes soos gerapporteer in die B-skedules aan Nasionale en Provinsiale Tesourie sal verskil van die syfers in ProMun, omrede die departementele kostes verskillend bereken word. Nieteenstaande bly die resultaat in terme van die surplus en tekort onveranderd.*

6.4 HEFFING VAN VASTE KAPITALE BYDRAES IN RIEBEEK KASTEEL, RIEBEEK-WES EN ONGEGUND (15/1/B)

Die voorsitter bespreek die problematiek rondom die toepassing van die bestaande beleid. Tans moet heffings gemaak word vir alle grondgebruiksaanseke in die Riebeek Vallei, ingesluit hersonerings- en vergunningsgebruikaanseke vir klein besighede soos huiswinkels, kunsgallerye, kantore by woonhuise, en so meer.

Die vaste kapitale bydrae word gehef ten spyte daarvan dat die voorgestelde grondgebruik geen impak op bestaande dienste meebring nie en daar ook nie 'n verhoging in aanvraag na dienste sal wees nie.

Vanuit 'n tegniese oogpunt kan aanvaar word dat hersonerings- en vergunningsgebruikaanseke wat kleiner as 100m² is en nie addisionele wooneenhede vestig nie, geen wesenlike impak op dienste het nie. Dit word voorgestelde dat die beleid gewysig word om hierde gevalle uit te sluit van die betaling van 'n vaste kapitale bydrae.

Die voorsitter noem dat dit belangrik is om te besef dat beleide nie in yster gegiet is nie, en dat dit in hierdie geval aangepas behoort te word om vir alle partye aanvaarbaar te wees. Die beleid sal moet toelaat dat elke aansoek individueel beoordeel kan word, en sal verder moet toesien dat dit aantreklik vir besighede moet wees om in die Swartland munisipale area te belê.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat hersonerings- en vergunningsgebruikaanseke wat gelyk/kleiner is as 100m² en nie addisionele wooneenhede vestig nie, geen wesenlike impak op bestaande dienste het nie en dat daar ook nie 'n verhoogde aanvraag na dienste sal wees nie;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat ingevolge die Beleid vir die Bepaling van Ontwikkelingsbydraes vir die Riebeek Vallei, aansoekers vir voormelde hersonerings- en vergunningsgebruike wel ontwikkelingsbydraes of werklike koste bydraes vir infrastruktuur moet maak, nieteenstaande die feit dat daar geen wesenlike impak op bestaande dienste is nie en dat daar ook nie 'n verhoogde aanvraag na dienste is nie;
- (c) Dat goedkeuring derhalwe verleen word dat hersonerings- en vergunningsgebruikaanseke in die Riebeek Vallei wat kleiner/gelyk is aan 100m² en nie addisionele wooneenhede vestig nie, uitgesluit word by die heffing van ontwikkelingsbydraes vir infrastruktuur, en dat die Beleid vir die Bepaling van Ontwikkelingsbydraes vir die Riebeek Vallei gewysig word deur die invoeging van die volgende paragraaf onder punt 11 –

Paragraaf 11. EXCLUSIONS

No bulk development contributions will be levied for rezoning or consent of use applications on erven within the existing urban edge of Riebeek Kasteel, Riebeek West and Ongegund where the foot print area of the proposed development is equal to or smaller than 100m² and where the approval of the application does not establish additional consumer units. Notwithstanding this, actual cost development contribution may be levied should the Director: Civil Engineering Services and/or Director: Electrical Engineering Services determine upon considering the application that the approval of the application will impact existing engineering services.

Rezoning or consent of use applications on erven within the existing urban edge of Riebeek Kasteel, Riebeek West and Ongegund where the foot print area of the proposed development exceeds 100m² will not be discounted with the levies for the first 100m²;

(d)/...

6.4/...

- (d) Dat voormelde wysiging slegs geldig sal wees tot 30 Junie 2016, ten einde geleentheid te gee om te besin oor die gemelde uitsluiting en die toepassing daarvan op 'n verskeidenheid van gevalle ten einde 'n oplossing te vind wat vir alle partye aanvaarbaar sal wees.

6.5 INSTELLING VAN BESTUURSKOMITEE: MSCOA (11/1/3/1/12)

Die voorsitter meld die doel van mSCOA (*Municipal Regulations on Standard Chart of Accounts*), naamlik dat dit 'n eenvormige en gestandaardiseerde raamwerk daarstel waarbinne finansiële transaksies geklassifiseer kan word.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat dit die grootste herstrukturering binne plaaslike owerhede is wat tot op hede gedoen is.

Regulasies wat in hierdie verband afgekondig is laat toe vir 'n driejaar periode waarbinne alle munisipaliteite (278 in totaal) moet voorberei om met ingang vanaf 1 Julie 2017 gereed te wees om aan mSCOA te voldoen.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die instelling van die mSCOA Reëlingskomitee, sowel as die lede wat op die komitee sal dien soos voorgeskryf deur Nasionale Tesourie.

6.6 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2015 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management-Regulasies* bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

Die voorsitter meld dat die lys van diensverskaffers op 'n gereelde basis nagegaan behoort te word ten einde te verseker dat alle verskaffers wat 'n diens aan die Munisipaliteit lewer aan die wetlike vereistes voldoen.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die *Supply Chain Management Policy* (slegs beskikbaar in Engels) se implementering vir die periode 1 Oktober tot 31 Desember 2015 wat ingevolge artikel 6(3) van die *Supply Chain Management-Regulasies* voorgelê moet word, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C).

6.7 MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL: REËLS EN PROSEDURES M.B.T. VERGADERINGS (3/2/4)

Die *Swartland Municipality: Land Use Planning By-law* (slegs in Engels gepubliseer) soos afgekondig in Provinsiale Koerant 7420, gedateer 3 Julie 2015 bepaal dat die beplanningstribunaal reëls moet neerlê m.b.t. prosedures tydens vergaderings.

Die dokument getiteld – "*Rules of Procedure for Meetings of the Municipal Planning Tribunal*" is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Reëls en Prosedures met betrekking tot vergaderings van die Munisipale Beplanningstribunaal.

6.8/...

6.8 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Munisipaliteit beskik oor 'n gedeelte nywerheidsgrond (± 17.7 ha groot) wat by ooreenkoms aan die Koringbedryfmuseum verhuur word, welke ooreenkoms op 31 Maart 2016 verstryk.

Dit word voorgestel dat 'n openbare mededingingsproses weer deurloop word om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel, hetsy ten behoeve van of aan 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2016;
- (b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel B tot die verslag;
- (c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag bekleed word om 'n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en 'n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid;
- (d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag bekleed word om die inhoud van die huurooreenkoms te finaliseer, asook die ondertekening daarvan.

6.9 AANBOD OM ERF 10343, MALMESBURY TERUG TE KOOP (12/2/5/4-8/16)

Erf 10343 is geleë in Dalsig, Malmesbury en was deel van die erwe wat tydens die sg. 'pre launch' veiling in Maart 2007 verkoop was.

Die eienaar, mnr Kleinhans, het die Munisipaliteit per skrywe in kennis gestel dat hy 'n koper vir die eiendom het, en versoek toestemming om die eiendom van die hand te mag sit.

BESLUIT

- (a) Dat die Munisipaliteit, soos ten opsigte van vorige aansoeke, afstand doen van sy voorkeepsreg met betrekking tot erf 10343, Malmesbury, aangesien die eienaar reeds 'n gewillige koper het daarvoor, en 'n sterk moontlikheid bestaan dat die erf (met verwysing na die pryse wat tydens die openbare veiling in 2015 behaal is asook die munisipale waardasie op die betrokke eiendom) nie teen die oorspronklike koopprys van R153 000,00 deur die Munisipaliteit herverkoop sal kan word nie;
- (b) Dat mnr Kleinhans gevolglik toestemming verleen word om erf 10343, Malmesbury privaat te mag vervreem.

6.10 HUUROOREENKOMS: VRAGHOUER, ERF 213, ABBOTSDALE (17/9/2/R)

Die Raad verhuur 'n vraghouer, geleë te erf 213, Abbotsdale aan die Abbotsdale *Youth Club* op 'n jaar-tot-jaar basis vir doeleindes van die aanbieding van naskoolse jeugaktiwiteite en –programme.

Die huurooreenkoms het reeds op 31 Oktober 2015 verstryk.

Besluit/...

6.10/...

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Abbotsdale *Youth Club* aangegaan word vir die huur van die vraghouer op erf 213, Abbotsdale op 'n maand tot maand basis wat nie 12 maande sal oorskry nie, d.i. vir die periode 1 November 2015 tot 31 Oktober 2016;
- (b) Dat huurgeld ten bedrae van R10,00 plus BTW per maand betaalbaar sal wees;
- (c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

6.11 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2015 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir die maand van Desember 2015;
- (b) Dat, aangesien die uitstaande skuld van Abbotsdale bykans R0,5 miljoen beloop – ten spyte van die 9kl gratis water wat ontvang word – die verbruikerspatrone van water deeglik ondersoek word, en dat daar addisionele opleiding aan huishoudings gegee word waar die verbruik buitensporig hoog is;
- (c) Dat, indien die situasie nie verbeter na afloop van die opleiding nie, daar strenger opgetree moet word deur die watertoevoer te beperk deur middel van die Aqua-loc meters.

6.12 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER